AANVRAAG OM NOMINASIES VAN PERSONE OM AANGESTEL TE WORD AS LEDE VAN DIE STAD TSHWANE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL INGEVOLGE ARTIKELS 35 EN 36 VAN DIE WET OP RUIMTELIKE BEPLANNING EN GRONDGEBRUIK, 2013 (WET 16 VAN 2013)

CITY OF TSHWANE
IGNITING EXCELLENCE

SLUITINGSDATUM: 15 September 2021

Ingevolge die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruik, 2013 (Wet 16 van 2013) (SPLUMA), nooi die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit hiermee nominasies van lede van die publiek uit om tot die Stad Tshwane Munisipale Beplanningstribunaal aangestel te word.

Die ampstermyn van lede sal vyf jaar wees, bereken vanaf die datum van aanstelling van sodanige lede deur die Stad Tshwane.

Genomineerdes moet persone met leierseienskappe wees en hulle moet beskik oor uitstekende kennis van en ervaring in ruimtelike beplanning, grondgebruiksbestuur en grondontwikkeling, asook die wet wat daarmee verband hou, volgens die bepalings van SPLUMA.

Elke nominasie moet skriftelik wees en moet die volgende inligting bevat:

(a) Die naam en adres van die nomineerder, wat 'n natuurlike persoon moet wees, en 'n persoon kan hom- of haarself benoem
(b) Die naam, adres en identiteitsnommer van die genomineerde
(c) Motivering deur die nomineerder vir die aanstelling van die genomineerde tot die Stad Tshwane Munisipale Beplanningstribunaal (hoogstens een bladsy)
(d) 'n Kort curriculum vitae van die genomineerde (hoogstens twee bladsye)
(e) Gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies en registrasiesertifikate wat dui op registrasie by die betrokke professionele liggaam of vrywilligersvereniging

Selfnominasie sal aanvaar word volgens (a) hierbo.

Alle genomineerdes sal onderworpe wees aan die verifikasie van die inligting wat ten opsigte van die genomineerdes verskaf word.

Let asseblief daarop dat stadsbeplanners of stadsbeplanningskonsultante wat aansoeke binne die jurisdiksie van die Stad Tshwane indien, moontlik nie kwalifiseer vir lidmaatskap van die Stad Tshwane Munisipale Beplanningstribunaal nie.

Let ook daarop dat die nalating van bogenoemde vereistes tot die diskwalifisering van die nominasie kan lei.

Nominasies moet per e-pos gestuur word na mptsupport@tshwane.gov.za.

Kontak Babalwa Mrwebi by
012 358 4514 vir enige navrae.

www.tshwane.gov.za

www.twitter.com/City Tshwane City of Tshwane I Official (Page)